

24 Februarie

Skrifgedeelte: Eksodus 33:7-23 (NAV)

Fokusgedeelte: Eksodus 33:23

Van agter – nie van voor nie

Moses het intiem met God gelewe, selfs tot veertig dae en nagte op die berg by God (Eks 24:18). Hy het God egter nooit gesien nie. Die begeerte om God te sien, kry die oorhand. Hy vra (vs 18): “Laat ek tog net u magtige verskyning sien!” God antwoord (Eks 33:20): “Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.” God is die Oneindige, die Onvatbare, die Ontoeganklike, die Ondeurgrondelike; daarom kan die sondige mens God nie sien in sy volmaakte en ewige heerlijkheid nie. God het in die Bybelse tyd op ’n gesluisde wyse aan mense verskyn (Eks 3:2-4; Jes 6:1; Op 4:3). God kom Moses tegemoet. Hy gaan hom iets wys. Moses het God gesien, maar van agter en nie van voor nie (Eks 33:23).

Iets skemer hier deur oor die *sien* van God in ons daaglikse lewe. Ons as mense kan nie die gesig van God sien nie, Hom in die aangesig kyk nie – ons sien slegs sy voetspore. Ons sien God eers as Hy verby is. Ons sien van agter af. Dit is jou *verleentheid*, maar ook jou *geleentheid*. Dit is ’n verleentheid vir jou omdat God al verby is voordat jy Hom bemerk. Dit is egter ook jou geleentheid om van agter af te kan terugkyk hoe die voetspore van God sigbaar is in wat met jou gebeur het. Al het jy dit nie opgemerk nie, was God altyd by jou teenwoordig.

Ds CN van der Merwe (emeritus)